## 25 Maart - EIS

**Skrifgedeelte: 1 Konings 18:7-21**
**Fokusgedeelte: Lukas 1:17a**

In ou Nederlandse vertalings kom die woord "eis" dikwels voor, maar die ou Afrikaanse Bybel het al baie van die versies na "vra" verander. Hieruit kan ons aflei hoe naby die woordjie "eis" aan vra is. Die nuwe Afrikaanse vertaling het net die woordjie "eis" behou waar dit werklik eis beteken, naamlik: gebiedend vra, of voorwaarde stel.

Volg ons die vertalings soos hierbo gestel, kom ons tot die slotsom dat daar net twee kategorieë is: mens tot mens en God tot mens. Daar is diegene wat op grond van Psalm 2:8 (OAV) reken dat die mens ook van God kan eis. Nêrens elders in die Bybel is daar egter ondersteuning vir so 'n derde kategorie nie.

Ons noem enkele voorbeelde in die mens-tot-menskategorie. Sigem wat bereid was om enige eis of voorwaarde na te kom om Dina as vrou te verkry (Gen 34:11). Die Israeliete wat toegelaat was om silwer en goud van die Egiptenare te eis. Die wêreld wat van die kerk en gelowiges 'n verduideliking kan eis oor geloofsgedrewe uitsprake (1 Pet 3:15).

In die kategorie God-tot-mens dink ons allereers aan die bloed wat God van moordenaars sal eis (Gen 9:5). Op aarde spring baie moordenaars (veral staatshoofde en generaals) verhore vry, maar nie een van hulle sal by die swaard van God verbykom nie. Die groot gebod (Matt 22:36-39) verwag van ons liefde tot God en ons naaste.

Ons liefde tot ons naaste is veral te sien aan ons bekommernis oor die siel van my medemens. Die Here maak bekend dat hy selfs ons siele in die plek van verlorenes sal eis as ons nie probeer het om hulle te waarsku nie (Eseg 3:18; 33:6; 34:10). Dit moet ons egter nie in vrees dompel nie, want as jy naby aan God lewe, sal jy soos Dawid weet dat God niks van ons eis as net gehoorsaamheid nie (Ps 40:7). En gehoorsaamheid veronderstel liefde vir en oorgawe aan God en ons naaste.

Lees tot vertroosting Psalm 103 vanaf vers 8: "Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons sondes nie bly toereken ..."

*Sing: Psalm 103:5, 6*

*Ds AS Heystek (Emeritus)*